32/2022
# menlo-insig

## LIEWE MENLO

Die woorde, *stem* en *keuse*, word met 'n goue draad verbind, want 'n mens kan nie jou stem laat hoor óf vir 'n saak stem as daar nie 'n alternatief is nie. Dit is soms moontlik om alternatiewe deeglik na te vors om 'n ingeligte besluit te neem, maar ander kere is dit 'n skoot in die donker en moet jy asem ophou totdat Vader Tyd sy uitspraak lewer om te bepaal of die keuse vrugte afwerp.

Die Hoërskool Menlopark is jaarliks die keuse van 'n paar honderd graadagts en vandeesmaand is dit ook die keuse van Rekord se lesers, want die skool, *óns skool*, is volgens die Best of Pretoria-peiling as die beste Afrikaanse hoërskool in Pretoria aangewys.

Die Hoërskool Menlopark is nie die enigste skool nie en alternatiewe is geredelik beskikbaar, maar Menlo ís die skool met die hoogste konsentrasie glimlagte per vierkante meter. Dit is 'n plek waar leerders se stemme gehoor word en waar daar daagliks gekies word om die beste weergawe van jouself te wees.

Excelsa Petamus.
Nou en in die toekoms.

## MENLO MA'S WAT OMGEE

Ouers word aan die gebedsbyeenkoms wat Donderdae vanaf 07:30 tot 08:30 in die koshuis se sitkamer plaasvind, herinner.

Navrae en gebedsversoeke kan aan 082 579 4968 gestuur word.

### JSB 1 NO. 35

"Bly volhard soos atlete, dis God wat ons wedloop bepaal. Daar's 'n skaar verlostes wat wag om die baan dat ons almal die wenstreep sal haal."



# DAGBOEK

**5/11**
Atletiek: AGN-interprovinsialekampioenskap: sub-juniors (Pilditch)

**7/11**
Gholf: Harry Oppenheimer (Maccauvlei)

**8/11**
**Begroting 2023: Ouerinligtingsvergadering (Ouditorium, 18:00)**

**22/11**
**Begroting 2023: Goedkeuringsvergadering (Ouditorium, 18:00)**

**1/12**
Uitdeel van handboeke: Graad 8: 10:00 – 12:00

**2/12**
Somereksamen eindig
Uitdeel van handboeke:
Graad 9: 08:00 – 10:00; Graad 10 & 11: 10:00 – 12:00

**13/12 – 15/12**
Uitstuur van e-rapporte




## Die begrotingsproses begin! Lewer asb. u insette.

Die jaar staan einde se kant toe en die proses om die 2023-begroting goed te keur, begin binnekort. Ouers word versoek om hulleself asseblief deeglik van die volgende datums en reëlings te vergewis.

**Dinsdag, 8 November 2022**
**Ouerinligtingsvergadering rakende die begroting vir 2023 (Ouditorium, 18:00)**

Die konsepbegroting word tydens hierdie vergadering aan die ouers voorgelê en uiteengesit. Enige vrae en besprekings word verwelkom. Die konsepbegroting is vir die daaropvolgende veertien dae, ter insae, in die forum by die skool beskikbaar.


**Dinsdag, 22 November 2022**
**Goedkeuringsvergadering van die konsep-begroting vir 2023 (Ouditorium, 18:00)**

Alle ouers word uitgenooi om die konsepbegroting vir 2023 deur middel van 'n stemproses goed te keur.







# Maak asseblief jou stem dik vir Menlo!




Kayla




Shay-Leigh







Die opdrag was duidelik...

Skole is gevra om voorstelle vir 'n nuwe baadjie vir 'n gebou in The Village aan Atterbury te stuur sodat die gebou met nuwe vere kan pronk, maar steeds in pas met die styl van die Old East Precinct bly.

Almal weet dat Parkies geleenthede vir ontbyt eet en uitdagings teen middagete afhandel en daarom was dit geen verrassing dat twee Menloparkers as finaliste in hierdie kompetisie aangekondig is nie. Baie geluk aan Kayla Botha (gr. 11, #10) en Shay-Leigh Barbier (gr. 10, #11).

Die Parkies het hulle deel gedoen en nou moet die Menlo-mense inspring, want die voorstel met die meeste stemme wen R30 000 vir die skool.

Maak asseblief jou stem vir Menlo dik, want #MenloKunsKook.


Volg die **skakel** om te stem.






# OMGEE









## Menlo maak impak met impakkieprojek

Wat het Kersfees, geskenke, opgewondenheid en Parkies gemeen? Emmers, of liewer, pakkies en Parkies vol omgee wat met vanjaar se impakkieprojek hoop aan minderbevoorregte kleuters gebring het.

Die Parkies het hulle lywe gedurende die afgelope paar weke Kersvader gehou en allerhande geskenke bymekaargemaak. Die sending, om die geskenke af te lewer, is met groot sukses deur die Parkieraad uitgevoer.

Die Parkieraad se omgeekomitee, onder leiding van Reghardt van Biljon, het verlede week by NG Wespoort se kleuterskool besoek afgelê om geluk in 'n pakkie aan die kleuters te bring. Daar is gebak en gebrou, gesigte geverf, kaartjies gemaak, vlugbal gespeel en heerlik gekuier.

Die doel van die projek is om die Wespoort-gemeenskap te ondersteun, maar dit is die Parkies wat oudergewoonte met nuwe perspektief en breë glimlagte oor die projek rapporteer. Baie dankie aan mnr. Andrew Mc Geer en me. Doné Moolman vir hulle reëlings en aan elke Parkie wat 'n aandeel aan hierdie heerlike dag gehad het.

# KOSHUIS

## Aangename kennis!

Die koshuis se sosiale S-P-A-N het die G-E-E-S en dié word elke nou en dan aan die inwoners gewys. Die gedaante van die koshuisgees is moeilik peilbaar en vind op allerhande maniere uiting – van sokkie tot trivia-aande en hope pret!

Die sosiale komitee van die 2023-koshuisraad het vanjaar reeds vir groot geesoomblikke gesorg en die Parkies is opgewonde om te sien wat hierdie klompie sosiale Parkies vir 2023 in die mou voer. Al lyk dit op die foto's asof botter nie in hulle monde kan smelt nie, weet die koshuisinwoners van beter – agter hierdie ernstige blikke broei daar ernstige sosiale planne!

Die sosiale komitee staan onder leiding van me. Shana Scott en bestaan uit Lisbé Booyse, Dawid van den Heever, Anemé Breytenbach, Izabella van Wyk, Leani du Toit, Mikyla Zastrau, Dylan Stumke, Lizamé van Wyk, Stephanus Schoeman en Taytim Johnson.

Aangename kennis!






## KRIEKET



# Tyd vir 'n tikkie tradisie

Volgens die krieketwetboek bepaal Reël 12(3) die volgende: *"After the call of Time, the bails shall be removed from both wickets."*

Dit is daarom gepas dat 'n weerhaan op Lord's – een van die wêreld se beroemdste krieketgronde – die gestalte van Vader Tyd aanneem om oor die gronde te waak en om sy plig aan die einde van 'n dag se spel na te kom. Die meesterbrein agter die beeld op Lord's is Sir Herbert Baker, dieselfde argitek wat die hoofpawiljoen (op Lord's) en die Uniegebou in Pretoria ontwerp het. Die beeld van Vader Tyd wat die dwarsbalkies van die paaltjies afhaal, is 'n formidabele stukkie simboliek wat die tradisieryke spel verder verryk.

Menlo se krieketklubhuis het onlangs sy eie Vader Tyd-weerhaan in ontvangs geneem en na dese sal niemand meer wonder wie die dwarsbalkies na 'n dag se spel sal verwyder nie. Menlo-krieket bedank graag die ouers vir hierdie inisiatief en sien daarna uit om die 2023-seisoen onder die wakende oë van Vader Tyd te begin.

## MUURBAL





# MMA ryg pryse in

Die MMA verdien 'n klop op die skouer vir hulle harde werk gedurende die 2022-seisoen. Die muurbalspelers se prestasies is vandeesweek tydens die MMA se prysuitdeling en NJSA Awards onder die vergrootglas bekyk en na afloop hiervan staan sake so:

| | |
|---|---|
| Jeanne Craig | SA-Top-10 & lid van die o.19-IPT-span |
| Melissa de Wet | Beste vordering: NJSA-hoërskoolafdeling |
| Sebastian Grosskopf | Beste vordering: NJSA-hoërskoolafdeling |
| Menlo-seuns | Wenners: C- & D-liga |

Baie geluk aan elke MMA-speler asook aan die Parkies wat met pryse vereer is. #MenloTrots

# Rugby verwelkom amper-gr. 8's!

Die Menlo-velde was verlede naweek 'n miernes van bedrywighede met die jaarlikse laerskole-oefenkamp wat plaasgevind het. Met meer as 50 entoesiaste spelers op die veld is daar hard gewerk én hard gespeel.

Die eerste dag van die oefenkamp is oudergewoonte aan kondisionering gewy, terwyl afrigting op die tweede dag boaan die rugbyspyskaart was. Na dese is elke o. 13 'n spesialis op die gebied van aanval, verdediging en besluitneming.


Baie dankie aan mnr. Dirk Odendaal wat aan die stuur van sake gestaan het asook aan die span bekwame afrigters wat gehelp het om van die kamp 'n onvergeetlike gebeurtenis te maak.

Menlo-rugby sien daarna uit om die talentvolle o. 13's binnekort as volwaardige Parkies te verwelkom!

## RUGBY



# MARKPLEIN


beskuit:
BRAN EN MUESLI – R90/KG
BUTTERMILK. – R65/500G
MANGOS – R90/500G
– R180/KG
fondse gaan vir my koor toer in 2023!
Kontak Nina van Eeden:
WhatsApp-0765459549


INGE'S
FRESH PASTA
Price List
500g PASTA (VEGAN)
Spaghetti / Penne / Linguine - R50
Fettuccine - R70
500g GLUTEN FREE PASTA (VEGAN)
Spaghetti / Penne / Linguine - R70
Fettuccine - R90
500g EGG PASTA
Spaghetti / Penne / Linguine - R70
Fettuccine - R90
We use buckwheat flour for our
Gluten Free Pasta
ORDER BY WEDNESDAY 2PM FOR
DELIVERY ON FRIDAY
INGE - 071 840 5149


SILVERTON
CYCLES
012 804 0922 | 082 968 4592
481 Pretoria Road, ,Silverton, Pretoria, 0184
WE ARE PROUD
STOCKISTS OF
TITAN RACING
MERIDA


Kersfees is om die draai
Plaas nou u bestelling
vir 'n heerlike
vrugtekoek @ slegs R250.
Carli: 071 304 9021(WhatsApp)


PRISMA
water
Services
Purified Water
Private Labeled Bottled Water
Purified Water Refills
Dispenser Bottle Refills
Dispenser Machine Hire
*Free label design
*Free Delivery in Gauteng
Contact Information
Tel: 012 365 2590
Cell: 066 432 1209
sales@prismawater.co.za
www.prismawater.co.za
69 Lynburn Road,
Lynburn Center,
Lynwood Manor,
Pretoria
At Prisma Water we can do water for any quantity, any functions any corporate company or small office, branded or not!!!

# Hallo, Parkies!

monaco EATERY
where food meets royal

R100 for a burger & a milkshake

exam season special
NOVEMBER 2022

To qualify: Wear your **school uniform**



320, THE HILLSIDE STREET, LYNNWOOD

Pretoria FM 104.2 FM

# LiggieFees '22

JAKARANDA KINDERHUIS CHILDREN'S HOME

1 - 23 DESEMBER | 18:00-22:00

VOLWASSENES-R50PP KINDERS-R30PP ONDER 3 – GRATIS

KOSSTALLETJIES DUBBEL MALLEMEULE
TERREINTREINTJIE FOTOS MET SINTERKLAAS
BINNESHUISE YSSKAATSBAAN

INGANGKAARTJIES NOU BESKIKBAAR BY ticketpro

JKHOME.CO.ZA/LIGGIEFEES

TALITHA KUMISTRAAT 1, EAST LYNNE, PRETORIA

overkruin uitrusters • outfitters
School Wear • Sports Wear • Work Wear

Pretoria Noord Tak
h/v Emily Hobhouse & Rachel de Beer straat

Tel: (012) 546 5718
Epos: sales@overkruinuitrusters.co.za

## Spesiale Aanbod

*(Solank voorraad hou vanaf 1November 2022)*



**Blazer**
78 - 86 = R635.00
87 - 97 = R650.00
102 - 112 = R675.00
117 - 127 = R735.00



**Seuns Grys Kortmouhemp (das)**
34 - 38 = R195.00
39 - 43 = R205.00
44 - 50 = R225.00

**Das** R150.00



**Skoolrok**
10 - 11 = R425.00
12 - 16 = R450.00
17 - 20 = R475.00



**Moulose Trui met wapen**
32 - 34 = R200.00
36 - 40 = R220.00
42 - 46 = R240.00



**Winter romp**
66 - 74 = R220.00
76 - 84 = R240.00
86 - 92 = R260.00

DIE HOËRSKOOL MENLOPARK

**Amptelike verskaffer aan Menlopark Hoërskool**

Kontant vrye perseel

# Queenswood Retirement Home

*Your choice for retirehood since 1974*

High quality, good value accommodation

✓ Rental Units ✓ Frail Care

**Avoid disappointment!**
Get your name on our waiting list
*It is never too soon or too late*

**Please contact us:**
+27(0)12 391 2700 • qws.info@mha.co.za

**Comfort. Care. Compassion.**

Celebrating 50 years of caring for the elderly 1970 - 2020

**Methodist Homes Queenswood**
3 Briscoe Lane
Queenswood, Pretoria
**www.mha.co.za**

Methodist Homes
Providing affordable, secure and caring accommodation and services to the elderly






# Klavier te koop

**Kontak:** 079 689 7639 / **Prys:** R38 000